

'n Gebed voordat uit die kategismus onderrig gegee word

O Hemelse Vader, u Woord is volmaak en bekeer die siel. Dit is 'n waaragtige getuienis wat aan die eenvoudiges wysheid gee en die oë van die blindes verlig. Dit is 'n kragtige middel tot redding vir almal wat dit glo.

Ons is egter van nature blind en onbekwaam tot enige goed. U wil ook niemand tot U laat nader wat nie ootmoedig en verslae van hart is [Ps 51:19] en nie u Woord eerbiedig nie. Daarom bid ons U dat U ons duistere verstand wil verlig met u Heilige Gees en ons 'n sagmoedige hart wil gee waaruit alle verwaandheid en wêreldse wysheid geweerd word, want dit is vyandskap teen U.

Ons vra dit sodat ons, as ons u Woord hoor, dit reg sal verstaan en ons lewe daarvolgens inrig.

Wil ook in u genade almal bekeer wat nog van u waarheid afdwaal, sodat ons almal saam eendragtig U ons hele lewe lank mag dien in ware heiligheid en geregtigheid. Dit begeer ons alleen om Christus wil, wat ons geleer het om in sy Naam te bid en ook belowe het om ons te verhoor:

Ons Vader wat in die hemele is,

laat u Naam geheilig word,

laat u koninkryk kom,

laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.

Gee ons vandag ons daaglikse brood en vergewe ons ons skulde,

soos ons ook ons skuldenaars vergewe;

en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.